



VEELSYDIGE PRESTEERDER WORD KANSELIER

Dr Johann Rupert
Kanselier

'N PLAASLIKE ÉN INTERNASIONALE SAKEREUS

Die Universiteit Stellenbosch se nuwe Kanselier, dr Johann Rupert, is 'n meester van talle velde en vele suksesse – 'n plaaslike én internasionale sakereus en -leier, kritiese denker, wynentrepreneur, bewaringsgeesdriftige, sportliefhebber en kampvegter vir minder bevoorregtes.

As veertiende bekleër van dié seremoniële amp wat ingestel is toe die Universiteit in 1918 universiteitstatus verkry het, volg hy dr Frederik van Zyl Slabbert op, wat die kanselierskap in 2009 neergelê het.

Die veelsydige presteerder Johann Rupert, seun van die Stellenbosse nyweraar dr Anton Rupert, het sy studie op Stellenbosch onderbreek om sy sakevernuf in New York te slyp – waarna sy merkwaardige reis as sakeleier en -innoveerder in 1979 begin het.

Sy besonderse stempel is gou afgedruk op die plaaslike én internasionale sakewêreld. Hy het Rand-Aksepbank (RMB) in 1979 gestig en besturende direkteur en hoof- uitvoerende beampte daarvan geword. Vyf jaar later het RMB en *Rand Consolidated Investments* onder sy wakende oog saamgesmelt, waarna hy by die Rembrandt-groep aangesluit en later voorsitter daarvan geword het.

Met sy unieke aanvoeling vir markneigings en -tendense is Rembrandt se Europese belange in 1988 geherstruktureer en die Switserse luuksegoederemaatskappy Richemont gestig. Later word hy uitvoerende voorsitter van Richemont SA Luxembourg asook besturende direkteur van Richemont. Rembrandt Groep Beperk is in 2000 geherstruktureer en die waagkapitaalmaatskappy VenFin is onder dr Rupert se leiding gestig.

Sy voortreflike bestuursvaardighede het hom 'n plek in menige beheerliggaam besorg – van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se raad tot Daimler Chrysler se internasionale adviesraad. Hy was onder meer Gold Fields Suid-Afrika se nie-uitvoerende voorsitter en 'n raadslid van die Suid-Afrika Stigting (*nou Besigheidsleierskap Suid-Afrika*).

Ondanks sy aansien en sukses as gerekende internasionale sakeman is sy wortels stewig in Suid-Afrika – én Stellenbosch –

geanker. Hy belê baie van sy tyd en energie in sy geboorteland. Deur die stigting van die Kleinsakeontwikkelingskorporasie (*nou Business Partners*) het hy byvoorbeeld al sowat 500 000 werksgeleenthede in Suid-Afrika help skep en hy dien onder meer as bestuurtrustee in die Nelson Mandela-kinderfonds se beleggingskomitee.

Hy staan sinvolle welvaartskepping en -verdeling in Suid-Afrika voor. Sy oortuiging dat die land se toekomstige welvaart nie lê in die uitvoer van grondstowwe nie, maar van kennis en idees, weerspieël veral sy onbevangen denksstyl.

Ook as wynentrepreneur het hy allerweë naam gemaak. Hy het sy oorlede broer, Anthonij, se wynlandgoed L'Ormarins ter nagedagtenis aan hom verder uitgebou en is onder meer onlangs in Duitsland as Internasionale Wynentrepreneur van die Jaar aangewys.

Sy glansryke sakesukses het dr Rupert egter nog nooit daarvan weerhou om, soos sy pa, die natuur en ons erfenis te koester nie – byvoorbeeld as voorsitter van die Vredesparkstigting se raad van direkteure en voorheen as trustee van die Suider-Afrika Natuurfonds (*die huidige Wêreld-Natuurfonds*).

In sy jong dae was hy 'n knap krieketspeler en sy sportbelangstelling het hom aangevuur om die Instituut vir Sportwetenskap (*Universiteit Kaapstad*) te help stig en te help met die totstandkoming van die internasionale *Laureus Sport for Good Foundation* – wat 65 projekte wêreldwyd ondersteun, veral tot voordeel van minder bevoorregte kinders. Hy is voorsitter van die Suid-Afrikaanse PGA Tour en erepresident van die SA Gholfontwikkelingsraad.

Sy sukses en prestasies op vele gebiede het tot menige eerbewyse gelei – soos eredoktorsgrade van die Universiteit Stellenbosch en die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit asook die Wits-sakeskool se gesogte prys vir uitnemendheid in bestuur.

Ook van buite die akademiese wêreld ontvang dr Rupert gereeld erkenning vir sy bydrae tot en prestasies op sakegebied.

VEELSYDIGE PRESTEERDER WORD KANSELIER VERVOLG

Die voorste 100 gelyste maatskappye in Suid-Afrika het hom onder meer reeds drie keer as die Mees Invloedryke Leier in Suid-Afrika aangewys. Hy was al die *Sunday Times*, *Die Burger* asook die Kaapstadse Sakekamer se Sakeleier van die Jaar.

Die Wêreld Ekonomiese Forum in Davos, Switserland, het hom uitgesonder as een van 200 internasionale leiers van die toekoms. Ter erkenning van sy noue sake- en kulturele bande

met Frankryk het hy dié land se hoogste eerbewys, die Legioen van Eer, in 2009 ontvang.

Dr Rupert en sy vrou, Gaynor, het drie kinders.

BESTUURSPAN VAN DIE REKTOR (2010) VAN LINKS



Rektor en Visekanselier: Prof Russel Botman
Viserektor (Onderrig): Prof Magda Fourie
Viserektor (Navorsing): Prof Arnold van Zyl

Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel): Prof Julian Smith
Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies: Prof Leopoldt van Huyssteen



ONDERSTEUNINGSPAN (van links)

Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne: Prof Tobie de Coning
Senior Direkteur: Kommunikasie en Skakeling: Mnr Mohamed Shaikh

Bestuurder: Projekte: Dr Barbara Pool
Registrateur: Mnr Johann Aspeling
Studentedekaan: Mnr Llewellyn MacMaster